Misgekyk – Johannes 6:1-15

Binne ons jaartema van RAAKGESIEN, was ons die laaste paar weke besig met die reeks *Misgekyk*, waarin ons bewus geraak het van karakters, mense, verhale in die Bybel wat ons miskyk.

Hierdie week se teks sentreer om 'n gedeelde maaltyd, en spesifiek Jesus se vermeerdering van die brood en vis om 'n skare van meer as 5000 mense te voed. Hierdie is die enigste verhaal van Jesus wat 6x vertel word in die vier evangelies wat my laat wonder oor die betekenis hiervan – klaarblyklik 'n belangrike teks vir die vroeë kerk. Wat wil Jesus hê moet ons sien?

Wat sien die karakters in die storie?

- Die mense sien *wondertekens*. Dit is waarskynlik hoekom hulle Jesus volg, hoekom daar 'n skare agter Hom aanstroom. Wie is hierdie vreemde nuwe Rabbi wat die godsdiens van die dag uitdaag? Wat saam met vreemde mense uithang, kuier, eet? Hy kom uit die platteland. Sy pa is 'n skrynwerker. Sy dissipels is vissermanne wat nie die afsnypunt vir verdere studies in die Torah gemaak het nie. Die skare volg Hom. Hulle is nuuskierig, hulle wil meer sien van hierdie *Wonderwerker*.
- Jesus sien die *mense*, meer as net die skare se gedruis. Hy sien hulle nood, hulle moegheid, honger, hulle dieper dors. Hy kyk met deernis, kry hulle jammer, want *hulle is soos skape sonder 'n herder*.
- Die dissipels sien *probleme*. Alhoewel Andreas 'n seuntjie raaksien met 'n kosblik, besef hy dis 'n verlore saak. In die Markus evangelie word die dissipels verblind deur die laatmiddag, die oorweldigende klomp mense en gaan dit hulle rus gee as Jesus die mense huis toe stuur.

Wat kan mens dalk mis?

- **v3 Jesus het teen die *berg* opgegaan en daar met sy dissipels gaan sit.** Die berg was die plek waar Jesus telkemale sy dissipels en mense wat Hom gevolg het, geleer het. Hierdie verhaal wil ons dalk iets belangriks leer. Die berg is natuurlik ook die plek waarheen Jesus gereeld onttrek het, waar Hy sy asem terug kry het, gaan bid, en nuwe perspektief kry.
- **v4 Die tyd van Paasfees was naby...** Paasfees was een van die belangrikste feeste van die Jode – toe reeds 1450 jaar wat hulle die Uittog uit Egipte vier. Paasfees roep 'n klomp goed op waarvan God se voorsieningheid in die woestyn met manna en kwartels een van die kern waarhede was.

Terug by die kern van die verhaal:

Daar is verskeie debatte oor wat nou eintlik met die skare en die seuntjie se kosblik gebeur het 2000 jaar gelede. Het Jesus regtig die wette van die wetenskap gebreek soos wat ons dit ken en die visse en brood vermeerder? Of was die eintlike wonderwerk dat 5000 mense se harte oopgegaan het toe hulle Jesus ontmoet en hulle toe hulle kos met mekaar begin deel het?

Soos wat Johannes die verhaal vertel, sien Jesus 'n skare mense wat Hom volg – vol hoop en verwagting, behoeftig, honger. En hier is die interessante deel. Jesus se eerste gedagte as Hy die menigte mense sien, is *hoe kan ons die mense bymekaar hou? Hoe kan ons hulle behoeftes bevredig in die groep, as 'n gemeenskap? Hoe kan ons hulle voed in verhouding met mekaar?*

Uit die ander evangelies lei ons af dat die dissipels nie op dieselfde golflengte as Jesus was nie. In Markus se weergawe is hulle reaksie op Jesus: *Dis 'n verlate plek en al laat. Stuur mense weg dat hulle in hulle eie dorpies*

vir hulleself kos kan gaan koop. Die disssipels se instink is om die mense uit mekaar te te laat spat, weg te stuur, om op hulle eie te sien en kom klaar – om die werk, die moeite en verantwoordelikheid om hulle nood binne gemeenskap te bedien, te *ont*-sien.

Wanneer Jesus 'n skare van 5000 mense kos gee met 'n seuntjie se kosblik, is dit baie meer as om honger mae te vul. Wat Jesus kom doen is om honger, behoeftige, moeë mense *saam* te laat sit, dat hulle mekaar kan raaksien. Hy skep ruimte dat mense vreugde kan vind, nie net in hulle eie versadigheid nie, maar vreugde in 'n skare wat *saam* versadig word – om oorvloed in gemeenskap/community te kan vind. Daar is genoeg – nie net vir my nie, maar vir almal.

Om oor na te dink

- Dink vir 'n oomblik aan jou gemeenskap, mense saam met jou wat jou lewe verryk en sê vir die Here dankie vir hulle.
- Raak vir 'n oomblik bewus van jou kosblik. Wat het jy om te deel? Dalk voel jy hier aan die einde van die jaar, jou kosblik is leeg, daar is min oor. Bring in die stilte jou kosblik vir die Here en vra dat Hy dit self meer sal meer maak.